Natal, S.A.

18 Feb 1953

Die Transvaler.

# GROOT SKARE IN STADSAAL

'n Groot skare het eergis[illegible] [illegible] die vergadering van die Morele Herbewapeningsbeweging in die Johannesburgse stadsaal bygewoon. Die vergadering het plaasgevind onder beskerming van die burgemeester, mnr. H. Miller.

Sprekers was onder meer maj. S. Foot, dr. W. Nicol, Administrateur van Transvaal, mnr. R. Bennett, hoofsekretaris van die Vakbond van Bakkerywerkers, mnr. C. Maltman, die burgemeester van Springs en ds. C. B. Brink, Moderator van die N. H. of G. Kerk in Transvaal.

'n Voormalige Nazi, 'n Johannesburgse Jood, 'n groep jong mense en getroude pare het ook deelgeneem aan die aand se verrigtinge.